# KOSHUISBELEID (verkort)

## Beleid, prosesse en reëls

### 1. Toelating tot koshuise:

Daar word van alle koshuisleerders verwag om aan TWEE aktiwiteite deel te neem. Voorkeur t.o.v. koshuisplasing sal gegee word aan leerders wat aktief betrokke is by skoolaktiwiteite.

Hierdie aktiwiteite sluit AKADEMIE, SPORT, KULTUUR, DIENSLEWERING, SOSIALE AKTIWITEITE in t.w.: Top 10-akademie, rugby, hokkie, netbal, tennis, muurbal, krieket, skaak, skiet, atletiek, landloop, landsdiens, toneel, revue, koor, dansgroep, dramaklub, perdry, toegangsbeheer, verversings, verkope, tuinspan, herstelspan, kleedkamers, bemarking, klankspan, fotografie/videospan, redenaars, leierkorps, VRL korps, bywoning van 3-5 tuisbyeenkomste en dies meer.

### 2. Betaling van koshuisgeld:

Koshuislosiesgeld is vooruitbetaalbaar per TERMYN (of PER MAAND - indien die reëling betyds so met KOSHUISADMINISTRASIE gedoen is). Indien die losiesgeld agterstallig is of glad nie betaal is nie, sal so 'n leerder nie toegelaat word in die koshuis nie.

Dit beteken dat 'n koshuisleerder aan die begin van elke kwartaal reeds die dag voordat die skool begin, by die skool en koshuis moet aanmeld tussen 14:00 en 17:00 IN VOLLE SKOOLDRAG EN VOORKOMS REEDS VOLGENS SKOOLREëLS. Die leerder ontvang 'n TOELATINGSTROKIE wat by die koshuis ingegee moet word ALVORENS 'n leerder toegelaat sal word om in die koshuis te slaap. Geen leerder mag later as 17:00 (aandetetyd) by die koshuis aanmeld nie. Indien 'n leerder LAAT by die koshuis opdaag, sal die ouer geskakel word om die leerder te kom haal, aangesien die leerder nie 'n TOELATINGSTROKIE van die FINANSIëLE kantoor ontvang het nie. Dieselfde reëling geld vir leerders wie se koshuisgeld agterstallig is of glad nie betaal is nie. Hierdie reëling geld ook vir leerders wat FINANSIëLE HULP/SUBSIDIE van die skool ontvang.

### 3. Lys van benodigdhede:

Eie beddegoed en handdoek/e moet saamgebring word, asook stort/badbenodigdhede vir die week. 'n Studielampie en klein kluisie vir persoonlike gebruik is 'n aanbeveling (opsioneel).

Genoeg skoolklere vir die week (winter- of somersdrag soos voorgeskryf in die LEERLINGGIDS).

Genoeg sportklere vir die aktiwiteite waaraan hy/sy deelneem, asook genoeg informele klere (volgens die skoolreëls).

**EIE MEDIKASIE** vir algemene ongesteldheid soos hoofpyn, diarree, naarheid, insekbyte, pleisters. Chroniese medikasie is die leerder se eie verantwoordelikheid. Medikasie vir allergieë soos bv. bysteek is die ouers en leerder se verantwoordelikheid.

'n Sterk slot en sleutel. 'n Spaarsleutel kan by die koshuiskantoor ingegee word indien dit verlang word.

Sakgeld na ouers se goeddunke. **Die veiligheid hiervan is die leerder se eie verantwoordelikheid.**

**SKOOTREKENAARS/TABLETTE is die leerder se eie verantwoordelikheid.** Skootrekenaars mag slegs vir AKADEMIESE doeleindes in die studiesaal, met die MEDEWETE van die diensdoenende personeellid en ONDER TOESIG, gebruik word. Skootrekenaars /Tablette mag nie in kamers gebruik word wanneer dit nie studietyd is nie

GEEN ELEKTRIESE APPARAAT soos bv. waaiers, verwarmers, elektriese komberse, eierkokers, ketels, broodroosters, braaipanne, perkoleerders en so meer is toelaatbaar in die koshuis nie. Dit sal summier gekonfiskeer word. Daar sal 'n yskas en ketel onder toesig van die betrokke leier op 'n sentrale punt geplaas word sodat almal in die betrokke gang en/of blok dit kan gebruik. **Geen kos mag in die koshuiskamers voorberei word nie ter wille van goeie higiëne.**

## 4. Kamerindeling:

Leerders word deur die koshuispersoneel ingedeel na goeddunke op grond van graadverband en/of logistiese oorweging. Elke kamer en/of gang en/of blok word onder die leiding geplaas van 'n kamerleier en/of koshuisleier. Hierdie leier se gesag moet te alle tye aanvaar word soos afgewentel vanaf die koshuispersoneel.

Leerders mag nie in die kamers vertoef in die middae na studietyd nie. Alle leerders moet uit die koshuis wees vanaf 14:15 tot en met die aanvang van storttyd vir die betrokke graad/ouderdom.

Leerders mag nie kamers van ander leerders betree sonder hul teenwoordigheid nie. Leerders is SELF VERANTWOORDELIK vir die veiligheid van hul selfone/ tablette/skootrekenaars / kontantgeld / beursies/ bankkaarte. Personeel aanvaar GEEN verantwoordelikheid vir hierdie tipe duursame apparaat nie. Daarom moet leerders self toesien dat ongewenste persone nie hul kamer betree nie en dieselfde respek teenoor mede-inwoners bewys. Dagskoliere/leerders van ander koshuise mag nie besoek in enige kamer aflê sonder die toestemming van die diensdoenende personeellid en/of die senior koshuisvader/moeder nie (slegs in uitsonderlike gevalle).

Inwoners van 'n bepaalde kamer is verantwoordelik vir die kamer in totaliteit. Enige gebreke in die kamer sal vir die rekening van die inwoners in die kamer wees.

## 5. Uittekenkaarte:

Alle leerders se ouers moet met die aanvang van die skooljaar of wanneer leerders die eerste keer by die koshuis aanmeld, hul kinders se BLOU KAARTE (Uittekenkaart) en die mediese vorm volledig invul. Slegs persone wie se handtekening op die kaart verskyn, sal toegelaat word om die leerder uit te teken.

Indien 'n leerder in 'n uitsonderlike geval deur iemand anders uitgeteken moet word, moet die koshuisvader/moeder BETYDS in kennis gestel word d.m.v. 'n telefoonoproep EN 'n SMS/WhatsApp/e-pos/skriftelike toestemmingsbrief aan die koshuisvader/moeder.

## 6. Etelyste en naweekreëlings:

Leerders wat nie ingeteken het vir Vrydagmiddagete nie, sal nie toegelaat word om te eet nie. Koshuise en die eetsaal is gesluit gedurende naweke nadat sportdeelnemers vertrek op 'n Vrydagmiddag/aand of Saterdagoggend of na afhandeling van TUISBYEENKOMSTE.

Koshuis word as 'n toekoshuis bedryf naweke en dienooreenkomstig word koshuisgelde per jaar vas gestel. Slegs koshuisleerlinge wat aan 'n HTS Middelburg kultuuraktiwiteit of sport speel, mag die naweek inbly van deelname. Indien koshuisleerder nie aan 'n sport-en/of-kultuuraktiwiteit deelneem nie, moet so 'n leerder afgehaal en uitgeteken word voor Vrydagmiddag om 15:00.

Indien 'n koshuisleerder nie kan huis toe gaan nadat hy/sy aan georganiseerde skoolsport deelgeneem het nie, mag so 'n leerder in die koshuis bly vir die naweek. Die etelys moet betyds daarvolgens ingevul word. Die koshuisleier wat aan diens is die naweek, sal dan ook moet inbly.

Elke koshuis moet afsonderlik 'n etelys invul vir die komende naweek. Die onderwyser aan diens op Woensdagaand moet PERSOONLIK die etelys invul; die lys mag nie deur leerders vir ander leerders voltooi word nie. Die personeellid aan diens moet verseker dat ALLE leerders teenwoordig is wanneer die etelys voltooi word.

ETELYSTE word op Dinsdae ingevul en moet 'n Woensdagoggend by die eetsaal ingehandig word. Leerders moet seker maak dat hulle die etes reg aandui. Dit bly die leerder se verantwoordelikheid om etes wat verander, SELF by die eetsaal te verander EN DIE DIENSDOENENDE PERSONEELLID IN KENNIS TE STEL. Indien 'n leerder inteken vir 'n ete/s en nie opdaag nie, sal so 'n leerder addisioneel per ete moet betaal. Hierdie bedrag/bedrae sal deur die Koshuis Finansiële Beampte by die betrokke leerder se koshuisrekening gevoeg word.

Leerders MOET vir Sondagaandete inteken as hulle Sondagaand in die koshuis wil slaap. Geen leerder slaap in die koshuis op 'n Sondagaand as hy/sy nie die etelys dienooreenkomstig ingevul het nie.

**Indien TUISBYEENKOMSTE aangebied word, MOET alle leerders inbly totdat die byeenkoms afgehandel is. Geen leerder sal verskoon word van die koshuis wanneer die "DERBY" aangebied word nie.**

## 8. DORPSVERLOF/ VERLOF IN WEEKSDAE:

Dorpsverlof word NIE TOEGESTAAN NIE ter wille van die leerders se eie veiligheid. Indien dit werklik 'n noodgeval is, kan die personeellid aan diens gevra word om die leerder tot hulp te wees.

As 'n leerder wel in uitsonderlike gevalle DORPSVERLOF toegestaan word, mag dit SLEGS deur die Senior koshuisvader/moeder toegestaan word. In so 'n geval, moet die leerder 'n skriftelike brief/SMS/WHATSAPP van die ouer aan die Senior koshuisvader/moeder oorhandig. Dit moet egter BETYDS gereël word en nie eers die middag wanneer die leerder dorp toe wil gaan nie. Die leerder mag slegs saam met personeellid aan diens ry en die brief van goedkeuring byderhand hê wat deur die seniorkoshuismoeder/vader onderteken is.

In belang van die veiligheid en goeie kontrole mag leerders nie gedurende weeksdae uitgeteken word of gaan kuier by vriende nie. Al sou 'n leerder nog nie teruggeteken het by die koshuis nie, maar wel die skool bywoon, word dit aanvaar dat die leerder terug is by die koshuis. Dit skakel die kans uit dat 'n leerder onwettig die terrein verlaat om by maats te oornag sonder die wete van die ouers. Ter wille van 'n getroue akademiese ingesteldheid, word leerders nie aangemoedig om allerlei ontspanningsaksies in die week by te woon nie, sover as moontlik.

In die geval van skoolaksies, soos bv.sokkies, Mnr en Mej HTS, "sing-songs" ens sal leerders toegelaat word om dit by te woon mits hul vooraf/na die tyd bewys kan lewer van teenwoordigheid. Na afloop van skoolaksies, moet leerders binne 15 minute weer by die koshuis aanmeld.

## 9. Mediese versorging:

Sou 'n leerder bv. 'n ortodontisafspraak na skool hê, sal die personeellid aan diens die nodige vervoerreëlings tref mits die personeellid BETYDS in kennis gestel is – ten minste een dag vooruit. Indien 'n leerder gedurende die skooldag siek word en by die kantoor aanmeld, sal die kantoordames 'n doktersafspraak maak. As die afspraak na skool is, moet die betrokke personeellid dadelik in kennis gestel word sodat die nodige reëlings gemaak kan word om die leerder by die doktersafspraak te kry.

Indien 'n leerder tydens georganiseerde skoolsport seerkry, is die leerder die **afrigter** se verantwoordelikheid. In so 'n geval, moet die diensdoenende personeellid dadelik in kennis gestel word (die mediese besonderhede en kaart moet dan by die koshuis afgehaal word, waar nodig)

Elke leerder moet 'n volledig voltooide MEDIESE VORM asook 'n AFSKRIF VAN DIE MEDIESE KAART by die koshuis inhandig.

Indien ouers NIE OOR 'N MEDIESE FONDS BESKIK NIE, word die volgende prosedure gevolg:

- Leerder word gehelp sover as moontlik.
- Ouers word onmiddellik gekontak om die leerder te kom haal OF gee toestemming dat die personeel/ hospitaal/ paramedici die leerder mag behandel in geval van 'n lewensgevaarlike situasie. In laasgenoemde geval sal die behandeling vir die rekening van die ouer wees.
- Ter wille van veiligheid kan leerders nie na die PROVINSIALE hospitaal geneem word nie – ouers moet leerder self soontoe neem.
- In die geval van 'n noodsituasie waar 'n leerder in lewensgevaar is en onmiddellik mediese versorging benodig, sal die personeellid onmiddellik na mediese sentrum vertrek, reëlings tref en skool sal instaan vir noodbehandeling. Die ouers van leerder sal dan vir die instaan betaling asook enige verdere rekening verantwoordelik wees. In dergelike geval, moet die diensdoenende personeellid dadelik sy/haar Senior koshuisvader/moeder kontak wat die koshuishoof dan sal kontak.
- Sodra die personeellid terug is by die koshuis, moet die nodige dokumentasie (fakture, kwitansies ens) aan die koshuishoof terugbesorg word, wat dan deur die finansiële kantoor met ouers verder hanteer sal word.
- Die rekening sal dan aan die ouers oorhandig of gestuur word vir vereffening.

Leerders wat die koshuis en/of terrein onwettig verlaat en beseer word/siek word, sal gehelp word so ver as moontlik, maar GEEN PERSONEELLID kan hiervoor aanspreeklik gehou word nie.

GEEN PERSONEELLID kan aanspreeklik gehou word vir medikasie wat leerders self by die koshuis gebruik of aan ander leerders uitdeel nie.

**GEEN LEERDER MAG SIEK/ONGESTELD OP 'n SONDAGAAND OF MAANDAGOGGEND BY DIE KOSHUIS AFGELAAI WORD NIE.**

Wanneer 'n leerder gedurende die week siek word, moet dit dadelik aangemeld word by die personeellid aan diens deur die leerder self en/of kamerleier en/of leier aan diens.

Siek leerders mag nie alleen in die koshuis agterbly nie. Trek skoolklere aan, verkry toestemming van die senior huisvader/moeder en meld by die kantoordames aan om in die skool se siekekamer te lê totdat alternatiewe reëlings getref is.

## 10. Studiereëlings:

**Middagstudie**: 14:15 – 15:15

**Aandstudie**: 18:30 – 19:30 en 20:00 – 21:15

Studietye is baie belangrik en geen laksheid/hinderlikheid/verontagsaming van reëls sal geduld word nie. Dit is 'n ernstige oortreding indien 'n leerder ander leerders die geleentheid ontneem om behoorlik te werk of te studeer.

Middagstudie mag dalk gebruik word om aan formele skoolaktiwiteite deel te neem. Indien 'n leerder deel van 'n span is of georganiseerde goedgekeurde ekstra klasse op die terrein bywoon, MOET DAAR 'N NAAMLYS van die betrokke afrigter of onderwyser wees, sowel as die formele oefentye op bepaalde dae.

Leerders moet egter by die koshuis op die aangewese vorms uitteken.

Indien 'n leerder aan georganiseerde skoolsport deelneem, MAG hy/sy in middagstudie die gimnasium besoek SLEGS op die volgende voorwaardes:

- Hy/sy moet 'n ingeskrewe betalende lid van die gimnasium wees.
- Die personeellid aan diens moet in besit wees van 'n naamlys vanaf die betrokke afrigter/fisioterapeut.
- As 'n leerder nie aan 'n georganiseerde skoolsport deelneem nie, mag hy/sy onder geen omstandighede die gimnasium in middagstudie besoek nie.

Indien 'n leerder reeds PROVINSIALE/NASIONALE KLEURE het in 'n sport BUITE SKOOLVERBAND, mag hy/sy een (1) maal per week die betrokke aktiwiteit gaan beoefen in middagstudie. Toestemming om hierdie aktiwiteit te beoefen word toegestaan op die volgende voorwaardes:

- Hierdie vergunning is slegs geldig tot en met 18:00 (ses-uur saans).
- Die leerder moet 'n skriftelike toestemmingsbrief van die ouers hê, geteken deur die Senior Koshuisvader/moeder en die Hoof.
- Die volgende inligting moet ook in die brief verskaf word:
  - naam van die verantwoordelike afrigter
  - kontakbesonderhede
  - adres waar die aktiwiteit plaasvind
  - naam en kontaknommer van die persoon wat die vervoer van die leerder behartig
  - Dag en tyd wanneer aktiwiteit plaasvind.
- Die leerder moet uitgeteken en teruggeteken word.

Dieselfde reëlings geld vir ekstra klasse/ musieklesse buite die skoolterrein. As 'n leerder nie oor 'n brief beskik soos bo genoem nie, sal hy/sy nie toegelaat word om die koshuisterrein te verlaat nie.

## 11. Eksamenreëlings:

Leerders wat nie vir die volle duur van die eksamen in die koshuis tuisgaan nie, MOET vooraf 'n skriftelike dokument inhandig waarop PRESIES aangedui word wanneer die koshuispersoneel vir die

leerder verantwoordelik is. Leerders wat kom en gaan, sonder die nodige VOORAF reëlings, is NIE die koshuispersoneel se verantwoordelikheid nie. Sulke leerders kan nie tydig en ontydig die koshuis en/of die eetsaal besoek nie. Dit is nie tot voordeel van die ander leerders nie.

Gedurende eksamens geld alle normale koshuisreëls.

Leerders wat in die koshuis is, MOET elke oggend aantree met skoolklere en ontbyt gaan eet. Indien 'n leerder nie op 'n bepaalde dag skryf nie, moet hierdie leerder/s aantree soos gewoonlik en daarna by BETROKKE KOSHUIS studiesaal aanmeld vir studiesessie tot 13:45. LAURIE SMITH-DOGTERS studeer in hul eie studiesaal tot en met 13:45. Geen leerders word in kamers toegelaat voor 13:45 nie.

**VOORGESTELDE STUDIETYE:**

**Huis Douw Smit:**

12:00 – 14:00, 18:00 – 19:30, 20:00 – 21:30

**Huis Laurie Smith**

12:00 – 14:00, 18:00 – 19:30, 20:00 – 21:30

## 12. Motors en motorfietse:

Koshuisleerders wat self met voertuie koshuis toe kom, doen so op **eie risiko**. Die veiligheid van die voertuig is nie die skool/koshuispersoneel se verantwoordelikheid nie.

Leerders wat voertuie by die koshuis het, MOET die volgende reëls nakom:

- Voertuie mag slegs gebruik word vir vervoer tussen die koshuis en die ouerhuis.
- Toon jou geldige RYBEWYS en verkry toestemming by die koshuisvader/moeder om met jou voertuig na die koshuis te kom.
- Maak seker dat die voertuig op die aangewese plek by jou EIE koshuis geparkeer word. Voertuie kan nie by 'n ander **plek/koshuis** geparkeer word nie.
- Handig jou sleutel by jou koshuisvader/moeder in vir veilige bewaring.
- GEEN leerder mag 'n ander leerder vervoer nie.
- GEEN personeellid is verantwoordelik vir enige leerder wat 'n voertuig onwettig bestuur of ander leerders onwettig vervoer nie.

## 13. Oortredings/detensie:

Leerders wat oortree, sal dienooreenkomstig gestraf word en detensie sit of gevra word om die koshuis te verlaat.

Sien die aangehegte vorm wat oortredings uiteensit in paragraaf E. Hieronder

## E. Aanhangsels en vorms

Koshuis dissiplinêre debiete vorm

# HTS MIDDELBURG SKOOL - KOSHUIS DISSIPLINERE DEBIETE

| KATEGORIE 1K(PAPIER VERHOOR) | | | KATOGORIE 2K (INTERNE VERHOOR) | | | KATEGORIE 3K (EXTERNE SKOOL VERHOOR) | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KODE | DEBIETE | BESKRYWING | KODE | DEBIETE | BESKRYWING | KODE | DEBIETE | BESKRYWING |
| 1K1 | -2 | Staan nie betyds op nie | 2K1 | -5 | Aanhoudende swak gedrag | 3K1 | -10 | Aanhitsing tot geweld |
| 1K2 | | Nie reg vir inspeksie nie | 2K2 | | Aanhoudende versuim om te werk | 3K2 | | Aanranding/fisiese geweld |
| 1K3 | | Kamer en kas onnetjies | 2K3 | | Indiening van ander se werk as eie | 3K3 | | Diefstal |
| 1K4 | | Tree nie aan vir ontbyt | 2K4 | | Oneerlikheid en leuens | 3K4 | | Dra/besit/verspreiding/gebruik van enige plofstof |
| 1K5 | | Verlaat koshuis laat vir aantree | 2K5 | | Onwelvoeglike gedrag | 3K5 | | Dra/besit/verspreiding/gebruik van gevaarlike voorwerpe |
| 1K6 | | Woon nie middagete by nie | 2K6 | | Ernstige kru/taal gebruik/laster | 3K6 | | Dra/besit/verspreiding/gebruik van gevaarlike wapens |
| 1K7 | | Woon nie aandete by nie | 2K7 | | Uitdagende/uittartende houding | 3K7 | | Besit/verspreiding/gebruik van drank |
| 1K8 | | Nie betyds vir studie nie | 2K8 | | Verlaat/buite die klas sonder toestemming | 3K8 | | Besit/verspreiding/gebruik van sigarette |
| 1K9 | | Slaap en werk nie tydens studie | 2K9 | | Verlaat die terrein sonder toestemming/Stokkiesdraai | 3K9 | | Besit/verspreiding/gebruik van nikotienprodukte |
| 1K10 | | Onwrig studie | 2K10 | | Boeliegedrag (Beginfase) | 3K10 | | Besit/verspreiding/gebruik van damprooktoestelle (Vape) |
| 1K11 | | Vergeet belangrike dokumente tuis | 2K11 | | Ongemagtigde gebruik van selfoon/elektroniese toestel | 3K11 | | Besit/verspreiding/gebruik van dwelms |
| 1K12 | | Voorkoms anders as skoolreëls | 2K12 | | | 3K12 | | Molestering en seksuele teistering |
| 1K13 | | Algemene ongehoorsaamheid | | | | 3K13 | | Oneerlikheid/plagiaat van assesserings |
| 1K14 | | Voer nie opdragte uit nie | | | | 3K14 | | Oneerlikheid in toetse/eksamens |
| 1K15 | | Algemene swak gedrag | | | | 3K15 | | Besit/verspreiding/gebruik van pornografiese materiaal |
| 1K16 | | Betree verbode terrein | | | | 3K16 | | Rassisme |
| 1K17 | | | | | | 3K17 | | Vandalisme/Saakbeskadiging |
| | | | | | | 3K18 | | Viktimisering van enige persoon |
| | | | | | | 3K19 | | Herhaaldelike oortreding van skoolreëls |
| | | | | | | 3K20 | | Elektroniese viktimisering |
| | | | | | | 3K21 | | Ongemagtigde elektroniese mediaverspreiding |
| | | | | | | 3K22 | | Ongemagtigde bestuur van voertuig |
| | | | | | | 3K23 | | |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | | | |

# HTS MIDDELBURG KOSHUISREëLS

1. INLEIDING
2. GODSDIENS EN KERKREëLINGS
3. Reëls VIR NAWEEKVERLOF, KOSHUISNAWEKE EN DORPSVERLOF
4. NETHEID EN KAMERS
5. TAFELMANIERE EN EETSAALREëLS
6. AFSLUITING NA AANDSTUDIE
7. ONTGROENING
8. BADKAMERVOORSKRIFTE
9. STUDIESAAL
10. SELFONE
11. MERK VAN KLEDINGSTUKKE
12. HAARSTYL EN KLEREDRAG
13. ROOK, DRANK EN DWELMS
14. SIEK LEERDERS
15. KOSHUISTERREIN
16. LOSIESREëLS
17. KOSHUISGEBOUE EN MEUBLEMENT
18. ALGEMENE WENKE
19. KLERELYS
20. VRYWARINGSVORM EN AANVAARDING VAN KOSHUISREëLS

## Koshuisreëls

Ons koshuisreëls beoog nie die inhokking van die leerders of die verbreking van huislike bande nie. Die behoud van gesonde gesinsbande, en daarby 'n vertrouensverhouding met die huisvader- en huismoederpersoneel, is vir ons van groot belang, daarom laat ons reëls ruimte vir die maksimum kontak tussen ouer en kind.

Enige ware ouerhuis het egter sy reëls vir eet en slaap en kom en gaan, ens. Met 'n huishouding van ± 200 kosgangers vir wie se liggaamlike en geestelike welsyn ons verantwoordelikheid neem, is vaste reëls onontbeerlik; daarom verwag ons dat die volgende reëls, wat die vrug is van vele jare se ervaring, nougeset deur ouers/voogde en kosgangers eerbiedig sal word.

Al die kosgangers sal hulle onderwerp aan die reëls en tug van die koshuis en gehoorsaam wees aan die koshuisvaders, personeel en die leiers.

## Godsdiens En Kerkreëls

1. Godsdiens en alle vorme van godsdiensoefeninge sal onder alle omstandighede met gepaste eerbied bejeën word.
2. Elke leerder wat benodig om 'n naweek in te bly sal kerkdienste Sondag bywoon. Leerders se tuisgemeente is vir katkisasie verantwoordelik tensy anders gereël met plaaslike kerke.
3. Gedurende Sondae heers daar 'n Sondagatmosfeer. Leerders bly in hul kamers tot en met 16:00.
4. Die onderwyser aan diens sal die kontrole behartig.
5. Ten minste een koshuisleier sal elke kerkgroep vergesel na en van die kerk.

## Reëls Vir Naweekverlof, Koshuisnaweke En Dorpsverlof

Dit word van kosgangers vereis dat ondergenoemde reëls van toepassing op naweekverlof, koshuisnaweke en dorpsverlof stiptelik nagekom word:

1. Die kosganger se ouers/voog of die persoon wat skriftelike magtiging van die ouer voorlê, teken persoonlik uit by die huisvader aan diens by die koshuis.
2. Slegs persone wie se name en handtekening op die uittekenkaart deur ouers aangebring is mag leerders uitteken.
3. Slegs skriftelike versoeke deur ouers sal aanvaar word vir uitteken deur ander persone.
4. Leerlinge mag nie uitteken gedurende die week nie tensy dit uiters noodsaaklik is en BETYDS met die Senior huisvader gereël is.
5. Leerders moet onmiddellik terugteken sodra hy/sy by koshuis afgelaai word.
6. 'n Koshuisleerder wat skool bywoon, moet uiteraard by die koshuis wees.
7. Geen besoeke word toegelaat tydens etenstyd, studietyd, stiltetyd en na ligte uit nie.
8. Leerders moet in die middag uitteken vir sport-en kultuuraktiwiteite. Slegs Sr Huisvaders gee toestemming vir dorpsverlof.
9. Gedurende geslote naweke wat aan die begin van elke termyn bekend gemaak sal word, mag kosgangers slegs na afloop van die skoolaktiwiteite die koshuis verlaat.
10. Uittekentye vir naweke is onmiddellik na skool op Vrydae en dag waarop die skool sluit. Gedurende lang naweke moet alle kosgangers die koshuis voor 15:00 op die dag wat die skool vir die langnaweek sluit, verlaat. Alle leerders wat vir langnaweke of naweekverlof uitgeteken word, keer terug in netjiese klere. Rylopery (duimry) word ten strengste verbied.
11. Kosgangers wat per motor of saamrygeleentheid reis, moet voor 17:00 aanmeld voor die dag dat die skoolweek begin. Die kosganger moet aandete bywoon,. Kosgangers mag ook op die oggend wat die skool begin, terugkom maar hulle moet dan tussen 06:00 en 07:00 by die diensdoende personeellid terugteken, soda! hy/sy kan aanteken dat hulle terug is. Die algemene reël geld te alle tye: indien 'n koshuisleerder by die skool

teenwoordig is, word dit aanvaar dat hy/sy by die koshuis teenwoordig moet wees al het hy/sy nie kans gekry om terug te teken nie.

12. Dorpsverlof word SLEGS toegestaan deur die Senior Huisvader. **Leerders moet in volle skooluniform geklee wees.**

## NETHEID VAN KAMERS

- Die inwoners van elke kamer en afdeling sal verantwoordelik gehou word vir die netheid en sindelikheid van hulle slaap-, studeer-, badkamers en gange. Inspeksie moet voortdurend deur 'n leier en onderwyser wat verantwoordelik is vir die afdeling, gedoen word.
- Die beddens moet elke oggend voor ontbyt opgemaak word.
- Beddens moet te alle tye netjies wees.
- Klerekaste moet netjies gehou word. Klere en ander artikels mag nie in kamers rondlê nie.
- Op die mure en deure mag niks vasgeplak of gesteek word nie. Goedgekeurde tekeninge mag slegs met die toestemming van die Senior Huisvader opgehang word.
- Kosgangers mag nie 'n ander se kamer besoek as die inwoner nie daar is nie.
- Geen elektriese apparaat of uitbreiding van elektriese punte word in die kamers toegelaat nie, tensy toestemming van die Senior Huisvader verkry is.
- Daar mag nie in kamers gespeel of gestoei word nie.
- Elke leerling moet sy of haar kamer elke oggend netjies uitvee en afstof voor inspeksie.
- Besoeke aan koshuise is buite perke gedurende skoolure.
- Ouers word nie toegelaat in die kamers nie.
- Eie beddegoed en eie toiletware moet voorsien word.
- Geen spelery word in koshuis toegelaat nie.
- Geen dagskoliere of ander besoekers word in koshuise toegelaat nie, alvorens toestemming nie by Senior Huisvader verkry is nie.
- Geen kos mag in kamers voorberei word nie.

## TAFELMANIERE EN EETSAALREëLINGS

Geen koshuisleerder mag in die eetsaal gaan nie, behalwe vir maaltye, en slegs met die verlof van die personeellid aan diens.

Geen koshuisleerder mag sonder verlof van die maaltye wegbly nie, behalwe met verlof van die Senior Huisvader.

Kosgangers moet op Dinsdae inteken vir naweeketes per WhatsApp-skakel.

Dit word van elke kosganger verwag om hom stil en ordelik aan tafel te gedra.

Leiers moet sorg dat:-

- Kosgangers hulle ordelik sal gedra, d.i. met die binnekoms, tydens die ete en wanneer hulle die eetsaal verlaat.
- Tafelmaniere onberispelik is.
- Enige iets wat verkeerd is by die onderwyser wat diens doen, gerapporteer word.
- Geen kos of eetgereedskap mag uitgedra word nie.
- Al die borde moet skoon uitgekrap word voordat skottelgoed behoorlik inmekaar gesit word op die skinkborde wat na ete op trollies geplaas word.

## AFSLUITING NA AANDSTUDIE

- Huisgodsdiens word saans na studiepouse by elke koshuis afsonderlik waargeneem deur die onderwyser aan diens en koshuisleiers.
- Onderwyl die godsdiens gehou word, word absolute stemmigheid en

eerbied van elkeen verwag. Stiltetyd moet te alle tye gerespekteer word.

## ONTGROENING

***GEEN ONTGROENING MAG PLAASVIND NIE.*** Geen leerlinge mag na ligte uit in 'n ander leerder of matrikulant se kamers wees, take verrig of kuier nie.

## BADKAMERVOORSKRIFTE

- Badkamers en toilette moet altyd netjies gelaat word.
- Water mag nie gemors word nie.
- Stort en badtye meet stiptelik gehandhaaf word.

## STUDIESAAL

- In die studiesaal meet daar altyd absolute stilte wees.
- Die studiesaal meet netjies gehou word. Na afloop van elke studie moet afvalpapier in die snippermandjies gegooi word en die saal moet uitgevee word.
- Die tafels, stoele, mure en vloere moet skoongehou word.
- Net skoolwerk mag gedurende studietye gedoen word.
- Niemand mag praat, speel of ander hinder nie.
- Leerlinge wat swak presteer in die eksamen, sal indien nodig, addisionele studie kry.
- Boeke en tasse mag nie rondlê nie.

## SELFONE EN ANDER ELEKTRONIESE TOERUSTING

**(bv. ipad, MP3,4, tablet, skootrekenaar, Galaxy Gear, TV, ens.)**

- Geen selfone mag gedurende studietye aangeskakel wees of in die studiesaal ingeneem word nie. Dit geld ook vir ander elektroniese toerusting.
- Selfone en/of ander elektroniese toerusting mag nie skooltoe, eetsaal of studiesaal toe geneem word nie.
- Selfone en/of ander elektroniese toerusting mag nie gebruik of beantwoord word gedurende studietyd, etenstyd en na ligte uit nie.
- Selfone en/of ander elektroniese toerusting moet te alle tye veilig bewaar word; toegesluit word in leerders se kaste.
- Leerders aanvaar self voile verantwoordelikheid vir die veiligheid van ALLE elektroniese toerusting. Leerders moet sorg dat dit ten alle tye gebêre en gesluit is in kas.
- Geen verwarmers, elektriese komberse, waaiers, strykysters, ketels, yskaste, broodroosters, braaipanne-en/of roosters, stofies, mikrogolfoonde of enige ander elektriese toerusting word toegelaat nie.

## MERK VAN KLEDINGSTUKKE

Alle kledingstukke van leerlinge (persoonlike eiendom) moet die volgende inligting duidelik sigbaar toon:-

- Naam en van

Dit is om te versker dat kledingstukke uitgeken kan word. Die koshuis het nie wasgoed diens nie. Daar kan met "Wishy washy", privaat diens geskakel word by 083 792 1229 en reëlings getref word vir oplaai. Was en terug besorg van leerleder se wasgoed. Die rekening is vir die leerder se ouers. Die skool dra geen verantwoordlikheid hiervoor nie.

## HAARSTYL EN KLEREDRAG

### HAARSTYL: SEUNS

Hare moet te alle tye netjies voorkom en moet kort agter en ook kort langs die kante wees. Lang hare word nie toegelaat nie. Die personeel sal hieroor kontrole uitoefen. Geen kleursel, gel, mousse of enigiets dergeliks word toegelaat nie.

### HAARSTYL: DOGTERS

Hare mag onder geen omstandighede in die oe of gesig hang nie. Haarstyle moet netjies wees. Wanneer dit langer as kraaglengte is, moet die hare gevleg of vasgemaak word. Geen kleursel, gel, mousse of enigiets dergeliks word toegelaat nie.

### KLEREDRAG: SEUNS

Die skooldrag in die somer is 'n grys hemp en grys broek vir juniors. Seniors dra 'n wit hemp en grys broek. Skoolkouse en skooldas word hierby gedra. Die skoolkleurbaadjie is verpligtend vir alle leerders.

Die skooldrag in die winter is diesel/de vir die seuns behalwe dat die leerders 66k die skooltruie of kleurbaadjie dra. Met opening in die saal is 'n das en kleurbaadjie verpligtend vir alle leerlinge.

### SKOOLDRAG: DOGTERS

Somerskooldrag bestaan uit die skoolkleurbaadjie, wit hemp, donkerblou romp, donkerblou skoolsokkies en swart skoene (nie toerygskoene nie). Wintersdag sluit in: Lang donkerblou kouse (voorgeskrewe swart lang kouse) of voorgeskrewe skoollangbroek, das, wit langmouhemp, skooltrui en/of skoolbaadjie.

Die kleredrag wat na skool gedra word, mag nie uitspattig wees nie. Geen rok of hempie sonder skouerbande mag gedra word nie. Indien dun skouerbande gedra word, mag dit nie dunner as 1cm wees nie en gepaste onderklere moet daarby gedra word. Onderklere mag nie uitsteek of deurskyn nie. Sandale of plakkies mag saam met privaatklere saans na die eetsaal gedra word.

Juwele word beperk tot 'n polshorlosie, en klein deursteek oorkrabbertjies of onversierde klein oorringetjies. Geen grimering mag tydens skoolure aangewend word nie. Raadpleeg die leerlinggids vir gedetailleerde reëls betreffende skooldrag en gemakdrag.

## ROOK, DRANK EN DWELMS

Leerders mag onder geen omstandighede in besit wees van en/of die volgende gebruik en/of in die geselskap wees *van* leerders wat dit besit of gebruik nie:

- Alkoholiese drank Dwelms - enige aard
- Sigarette (Tabak/Elektroniese sigarette/"Shisha"/"Hubbly" ens).
- Damptoestelle (Vape)
- Wapens
- Gevaarlike voorwerpe
- Klappers

## SIEK LEERLINGE

- Al die afsprake by die dokters en tandartse sal deur die skoolkantoor gemaak word, indien die Senior Huisvader dit versoek.
- 'n Kind wat ongesteld raak, word onmiddellik na sy/haar eie senior huisvader gestuur, wat verdere reëlings hanteer.
- Ouers word versoek om die nodige reëlings met 'n plaaslike apteker en dokter te tref om medisyne/behandeling aan hul kinders te verskaf.

- Kosgangers moet self 'n klein voorraad medisyne hê soos verbande en hegpleisters. (Pille moet aan die Senior Huisvader vir bewaring en toediening oorhandig word).
- Ouers moet die mediese vorm aan die begin van die jaar volledig voltooi. Sonder 'n mediese vorm kan geen leerling dokter of hospitaal toe geneem word nie.

## KOSHUISTERREIN

- Elke inwoner is verantwoordelik vir die netheid van die terrein.
- Beskadiging van bome, struike, blomme, geboue en meublement, sal as 'n ernstige oortreding beskou word.
- Geen afval, papiere of gemors mag op die terrein rondgegooi word nie.
- Leerlinge het geen toegang tot 'n koshuis nie, tensy toestemming van die senior huisvader verkry word.
- Seuns mag die dogters besoek slegs met die toestemming van die onderwyser aan diens.
- Besoeke kan smiddae na studie of saans na aandete geskied in die vierkant by Laurie Smith Koshuis se studiesaal of op die bankies voor Laurie Smith Koshuis. Geen kuier op die B-veld of stadion nie.
- Geen besoeke word toegelaat gedurende studiepouse saans nie.
- Dogters besoek NIE die seuns by seunskoshuise nie.
- Seuns en dogters moet te alle tye respekvol teenoor mekaar optree.

## LOSIESREËLINGS

- Alle vorms om hertoelating word by die skoolkantoor op navraag verskaf.
- Koshuisgeld is vooruit betaalbaar by die skoolkantoor. Maandelikse betaling kan in koshuiskantoor gereël word.
- U ontvang by betaling 'n bewysstrokie wat u dan aan die koshuisvader gee. Die koshuise open 'n dag voordat die skool begin. Geen leerling kan toegelaat word in die koshuis sander bewys van betaling nie.
- Alle vorms vir hertoelating moet voor 30 September ingestuur of ingehandig word.

## KOSHUISGEBOUE EN MEUBLEMENT

- Beskadiging en veral moedswillige beskadiging van enige skooleiendom of koshuisgeboue sal as 'n ernstige oortreding beskou word.
- Moedswillige beskadiging aan die geboue of van meublement sal lei tot 'n opdrag om sodanige skade te vergoed of te herstel.

## ALGEMENE WENKE

- 'n Leerling wat van 'n ander skool gedurende die skooljaar oorgeplaas word, mag sy vorige skool se skooldrag voorlopig dra tot die nuwe skooldrag aangekoop kan word (6 weke grasie).
- U sal by elke koshuis met u aankoms ingelig word oor verdere reëlings (voltooiing van administratiewe vorms).
- Ons koshuiskompleks bestaan uit twee eenhede naamlik: Huis Douw Smit, Huis Laurie Smith.
- Telefoonoproepe gedurende studietye is nie toelaatbaar nie.
- Leerlinge moet aan minstens een vorm van somersport en een vorm van wintersport deelneem. Vrystelling hiervan geskied slegs by die voorlegging van 'n mediese verslag.
- Wanneer ouers met die skool ivm hulle kinders korrespondeer, moet hulle asseblief die volgende meld: Al die voorletters van die kind en sy geboortedatum. Die naam van sy koshuis. Sy graad, bv. Gr 8G3
- Koshuisleerlinge mag nie motors, motorfietse of fietse by die koshuis of in die dorp aanhou nie tensy daar vooraf spesiale reëlings met die Senior huisvader getref is nie.
- Leerlinge mag nie met rugbystewels of spykerskoene in koshuis loop nie.